higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

MUSIEKBESIGHEID EN -STYLE N5

2 Oktober 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 C
1.2 A
1.3 D
1.4 C
1.5 B
1.6 A
1.7 B
1.8 B
1.9 C
1.10 A
1.11 D
1.12 B
1.13 A
1.14 B
1.15 D
1.16 A
1.17 C
1.18 C
1.19 B
1.20 D
1.21 B
1.22 A
1.23 C
1.24 C
1.25 A

(25 × 2) **[50]**

VRAAG 2

2.1 Waar
2.2 Waar
2.3 Waar
2.4 Onwaar
2.5 Waar
2.6 Onwaar
2.7 Waar
2.8 Waar
2.9 Waar
2.10 Waar
2.11 Onwaar
2.12 Waar
2.13 Waar
2.14 Onwaar
2.15 Onwaar
2.16 Onwaar

Kopiereg voorbehou

2.17 Waar
2.18 Waar
2.19 Waar
2.20 Onwaar
2.21 Onwaar
2.22 Waar
2.23 Waar
2.24 Waar
2.25 Waar

(25 × 2) **[50]**

VRAAG 3

3.1 F
3.2 I
3.3 L
3.4 G
3.5 A
3.6 J
3.7 M
3.8 B
3.9 K
3.10 O
3.11 C
3.12 N
3.13 D
3.14 H
3.15 E

(15 × 2) **[30]**

VRAAG 4

4.1 Platemaatskappy
4.2 Sinchroniseerlisensie
4.3 Geïnkorporeer
4.4 Kopiereg
4.5 Beraam
4.6 Kommissie-
4.7 Kontrakte
4.8 Besit
4.9 Opgeneem
4.10 Interdik
4.11 Vernietig
4.12 Gepubliseer
4.13 Versameling
4.14 Gedrukte
4.15 Vervaardig

(15 × 2) **[30]**

TOTAAL VIR AFDELING A: 160

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 5.1.1

- Statutêre skadevergoeding vir kopiereg is die koste vir die skending van 'n werk met kopiereg.
- Statutêre skadevergoeding stel kopiereghouers, wat in skendingseise slaag, in staat om 'n skadevergoedingsbedrag vir elke werk te ontvang.
- In teenstelling met skadevergoeding vir verliese, word 'n bedrag van die winste of skadevergoeding vir elke onwettige kopie ontvang. (3 × 2) (6)

5.1.2

- Die publisering van musiek is die besigheid om 'n liedjie te ontgin en gebruike vir die liedjie te vind, soos nuwe weergawes van die liedjie, of die gebruik daarvan in films, televisie en videospeletjies, as luitone, in geleentheidskaartjies en selfs op karaokemasjiene en om die geld vir hierdie gebruike in die vorm van lisensiegelde in te vorder.
- Liedjieskrywers besit die kopieregte op die musiek en lirieke vir die liedjies wat hulle skryf en verdien geld uit lisensiegelde of tantièmes uit die kommersiële gebruik van hul liedjies.
- Publiseringsinkomste is nie van kopiereg-eienaarskap in klankopnames afkomstig nie; dit kom van die eienaarskap van kopieregte op die liedjies.
- Die kopiereg-eienaar van 'n liedjie is geregtig op bepaalde eksklusiewe regte kragtens VS-kopieregwetgewing.
- As iemand die liedjie op enige manier wil gebruik, moet hy/sy toestemming by die kopiereg-eienaar verkry, wat die vorm van 'n lisensie sal aanneem.
- Die geld wat uit sodanige lisensie gegenereer word, word 'publiseringsinkomste' genoem. (10 × 2) (20)

5.1.3

- 'n Digitale opname is 'n opneemvorm waarvolgens klankseine gebruik word wat deur 'n mikrofoon of ander oordraer opgeneem word of videoseine wat deur 'n kamera of soortgelyke toestel opgeneem word. Hierdie seine word in 'n stroom diskrete getalle omgesit wat die veranderinge in lugdruk vir klank en kleurgehalte-/chrominansie- en ligeenheids-/luminansiewaardes vir video's met verloop van tyd voorstel, en dit word dan op 'n stoortoestel opgeneem. (2 × 2) (4)

5.1.4

- Druklisensiegelde omsluit inkomste uit die verkope van gedrukte musiek, uitvoerings en meganiese en sinchroniseertantièmes uit publiseringsinkomste.
- 'n Liedjieskrywer ontvang tantièmes uit 'n druklisensie en enige bladmusiek van sy/haar liedjie of 'n folio of versameling van sy/haar liedjies sodra dit verkoop word.
- Die tantièmes wat uit druklisensies ontvang word, bedra gewoonlik enkele sente per kopie wat gedruk word. (3 × 2) (6)

5.2 Reproduseer die werk:

- Dit is die regte om kopieë van die werk te maak, soos die reg om kompakskywe wat klankopnames met kopiereg bevat, te vervaardig.
- Dit beteken dat niemand byvoorbeeld 'n komposisie met kopiereg mag opneem, dit as bladmusiek mag publiseer, dit in 'n film mag gebruik of dit mag kopieer nie. (2 × 2) (4)

Versprei kopieë van die werk:

- Dit is die reg om kopieë van die werk aan die publiek te versprei en te verkoop.
- Buiten die reg om die musiek te reproduseer, is daar 'n afsonderlike reg op verspreiding wat die kunstenaar ook beheer. (2 × 2) (4)

Voer die werk in die openbaar uit:

- Kopiereg-eienaars van liedjies beheer die regte om hul liedjie in die openbaar te laat uitvoer.
- Die uitvoering van 'n liedjie beteken gewoonlik dat dit lewendig in 'n nagklub of ander lewendige plek, oor die radio, op die televisie, in kommersiële ondernemings, hysbakke of op enige ander plek waar musiek in die openbaar gehoor word, gespeel word.
- Ongeag of die uitvoering deur lewende musikante of deur 'n platedraaier ('DJ') wat plate/kompakskywe speel, gedoen word, oefen die kopiereg-eienaar steeds beheer oor hierdie reg uit. (4 × 2) (8)

Vervaardig 'n afgeleide werk:

- 'n Afgeleide werk is 'n werk wat op 'n ander werk gebaseer is, soos die hervermenging van 'n vorige liedjie.
- 'n Voorbeeld in die musiekbedryf is parodielirieke wat op grond van 'n bekende liedjie getoonset word.
- Hierdie konsep kan nog makliker in 'n rolprentscenario raakgesien word.
- Enige film wat op grond van 'n roman vervaardig word, is 'n afgeleide werk. (4 × 2) (8)

Vertoon die werk in die openbaar:

- Alhoewel hierdie reg selde op musiek van toepassing is, is een voorbeeld om die lirieke en musieknotasie van 'n liedjie op 'n karaokemasjien te vertoon.
- Niemand kan enige van bogenoemde doen sonder die eienaar van die kopiereg se toestemming of magtiging nie.
- Dit is die reg om skilderye, standbeelde, en so meer in die openbaar te vertoon. (6)

Voer klankopnames met kopiereg met behulp van 'n digitale oudiotransmissie uit:

- Dit is 'n reg wat onlangs bygevoeg is, waarvolgens kopiereg-eienaars van klankopnames die regte het om 'n werk met behulp van 'n digitale oudiotransmissie uit te voer.
- Voorbeelde van digitale oudiotransmissies sluit die uitvoering van 'n liedjie op die internet of oor satellietradiostasies in. (4)

[70]

VRAAG 6

6.1
- Wanneer jy 'n bepaalde naam vir die orkes in gedagte het, is dit belangrik om vas te stel of enigiemand anders reeds daardie naam gebruik.✓✓
- 'n Orkes se reg op sy naam is van enkele sleutelfaktore afhanklik:
  - of die orkes die naam eerste gebruik het✓✓
  - die geografiese gebied (stad, provinsie, streek) waarin die orkes die naam gebruik✓✓
  - of die orkes werklik onder daardie naam uitvoerings hou✓✓

- As die orkes die naam eerste begin gebruik het, kan hy ander orkeste verhinder om dieselfde of 'n soortgelyke naam te gebruik.✓✓
- Tensy die orkes egter 'n federale handelsmerkregistrasie gedoen het wat aan hom die eksklusiewe reg verleen om die naam oor die hele land te gebruik,✓✓ beskik die orkes net oor die regte om die naam eksklusief te gebruik in die gebiede waar hy die naam die eerste keer gebruik het.✓✓
- As 'n plaaslike orkes byvoorbeeld lewendig opgetree het of hy sy KS'e slegs in Chicago gebruik het, kan hy nie 'n orkes in Kalifornië verbied om dieselfde naam te gebruik nie,✓✓ maar hy kan 'n orkes verhinder om die naam in Chicago te gebruik as die plaaslike orkes die naam eerste in daardie gebied gebruik het.✓✓
- As 'n orkes hierbenewens in 2005 om 'n federale handelsmerkregistrasie vir sy naam aansoek gedoen het, kan hy nie 'n ander orkes, wat die naam in 2001 begin gebruik het, keer om die naam te gebruik in die geografiese gebied(e) waar daardie orkes sy musiek uitvoer of verkoop nie.✓✓

(10 × 2) (20)

6.2 6.2.1
- Met die omkering van kopiereg word bedoel dat die kunstenaar sy/haar liedjies aan die einde van 'n termyn terugkry.
- Dit verskil van die beëindiging van kopieregte ingevolge die Wet op Kopiereg aangesien die omkering 'n kontraktuele bepaling is wat spesifiek onderhandel word.
- Dit beteken dat die uitgewer die kopiereg van die kunstenaar se liedjie op 'n tydstip in die toekoms aan hom/haar moet teruggee.

(3 × 2) (6)

6.2.2
- Omkeervoorwaardes: Wat sou die sneller vir 'n hertoedeling wees? Die beste opsomming van outomatiese omkerings is dat die liedjie aan die kunstenaar terugval indien dit nie opgeneem of kommersieel vrygestel is nie.
- As die kunstenaar oor bedingingsmag beskik, kan hy/sy die liedjie terugkry, tensy die opname deur 'n belangrike kunstenaar of ten minste deur 'n belangrike platemaatskappy gemaak is en/of dit 'n bepaalde posisie, soos die top 50, behaal het.

(3 × 2) (6)

6.2.3
- Outomatiese omkering: Wanneer die kunstenaar deel van die superliga word, of as hy/sy by 'n bie-oorlog betrokke raak, kan hy/sy om die hertoedeling van al sy/haar komposisies vra, ongeag of dit opgeneem is of nie.
- Die tydsraamwerke hiervoor is omtrent vyf tot vyftien jaar ná die afsluiting van die eksklusiewe termyn, met die meerderheid daarvan in die omgewing van sewe tot twaalf jaar.
- Dit word gewoonlik aan vergoeding gekoppel: Die uitgewer sal dit byvoorbeeld tien jaar ná die termyn slegs hertoedeel as die kunstenaar vergoed is ('recouped').
- In hierdie geval moet (1) die reg opgeneem word om die teruggehoue saldo te betaal en die kunstenaar moet onthou om 'n opsie te hou, in welke geval hy/sy die liedjies vroeër sal terugkry, en (2) die kunstenaar moet seker maak dat hy/sy die liedjies terugkry wanneer hy/sy uiteindelik vergoed word, selfs al is dit vyf of tien jaar later.
- Kunstenaars moet nie bloot aanvaar dat die kontrak enigiets hieroor sal insluit as hulle nie daaroor vra nie, want dit word gewoonlik nie ingesluit nie. (6 × 2) (12)

6.2.4
- Meestersregte-omkering: Wanneer 'n plaattransaksie geteken word, kan die *kunstenaar* oor die terugkeer of omkeer van meesterseienaarskap ná 'n vasgestelde tydperk onderhandel.
- 'n Album het tipies 'n lewensduur van een tot drie jaar voordat 'n kunstenaar die volgende een vrystel. Die kunstenaar kan dus ná omtrent twee tot vyf jaar eienaarskapomkering versoek.
- Dit sal dan van die kunstenaar afhang om enige lisensiëringstransaksies te onderhandel aangesien die platemaatskappy dan nie meer deel van die opset is nie. (3 × 2) (6)

[50]

VRAAG 7

Die persoonlike bestuurder adviseer en gee voorligting oor feitlik alle aspekte van die kunstenaar se loopbaan aan die kunstenaar.✓✓

'n Persoonlike bestuurder se pligte kan die volgende insluit:
- die hantering van die kunstenaar se publisiteit, openbare betrekkinge en reklame✓✓
- hulpverlening met die keuse van die kunstenaar se materiaal✓✓
- die beraming van planne vir die kunstenaar se langtermynloopbaanontwikkeling✓✓
- die kies van die kunstenaar se besprekingsagent, toerbestuurder, prokureur, rekenmeester, en so meer, en toesighouding oor die kunstenaar se verhouding met elkeen van hulle✓✓
- voorligting aan die kunstenaar oor die soorte dienskontrakte wat hy/sy moet aanvaar✓✓
- in sommige gevalle skakeling tussen die kunstenaar en die kunstenaar se platemaatskappy✓✓

Daar word gewoonlik 'n kommissie van 15% tot 20% van die kunstenaar se bruto ontvangste uit al die kunstenaar se bedrywighede in die vermaaklikheidsbedryf aan die persoonlike bestuurder betaal. Hierdie bedrywighede sluit in opnamekontrakte, uitgewerskontrakte, onderskrywings, televisie- en rolprentwerk, en so meer.✓✓ Hierdie kommissie, wat na gelang van die kunstenaar se sukses kan toeneem, word betaal benewens die vergoeding van die persoonlike bestuurder se reis- en alledaagse uitgawes wat hy/sy aangaan terwyl hy/sy die kunstenaar verteenwoordig.✓✓
In bepaalde state soos Kalifornië mag 'n bestuurder nie werk vir kunstenaars soek of verkry nie aangesien die kunstenaar se agent tipies hierdie funksie verrig (10 × 2) [20]

TOTAAL AFDELING B: 140
GROOTTOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou